

DIE FLORISBADMAN EN SY TRAWANTE "LEEF"

J.J. en G. Oberholzer

Die Florisbadskedel se beroemdheid is nie meer beperk tot antropoloë, paleontoloë, argeoloë, geskiedkundiges of besoekers aan die Nasionale Museum nie. Hy is nou al tuis in die voorhuise van talle gewone mense ... in die gedaante van Floris Badman, die hoofkaraktertjie in 'n strokiesprent. Hierdie strokiesprent verskyn in *Die Volksblad* se Saterdaguitgawe, sy weeklike gratis poniekoerante in drie stede (*Ons Stad* in Bloemfontein, *Noord-Kaap* in Kimberley en *Forum* in Welkom), op etlike Vrystaatse dorpe en sy susterskoerant *Die Oosterlig* (Port Elizabeth). *Beeld* in die Transvaal stel ook nou belang om die strokie te gebruik.

En dis alles te danke aan *Die Volksblad* se spotprenttekenaar Charl Marais, wat jare lank gefassineer was en wat dertig jaar lank rondgeloop het met die idee om tekenprentstories om hom te weef. Bowendien was Charl nog altyd versot op die oertyd.

Charl, wat reeds elf jaar lank daaglik *Die Volksblad* se spotprent teken, was eers verbonde aan die Poskantoor voordat hy sowat drie jaar gelede voltydse spotprenttekenaar by die koerant geword het. Twee jaar lank het hy ontwerp aan Floris voordat hy tevrede was dat die strokie sou werk — hy was eers bang hy sou hom "vasteken".





En sowat 'n jaar gelede het hy die groen lig van *Die Volksblad* ontvang vir Floris Badman as volwaardige strokie in die koerant. Floris het gou lesers se verbeelding aangegryp en vandag is hy onder duisende gewild, ook omdat die strokie nou in kleur verskyn — die eerste en enigste Afrikaanse kleurstrokie.


Charl vertel sy grootste probleem was om Floris in 'n tydperk te plaas — die verlede, die hede of die toekoms. Die besluit om hom in die oertyd te plaas, was die regte een, want nou kan hy hom, met oerklere aan, in enige tyd gebruik. So is Floris en sy mede-karakters, bekende "skedelmense" soos Mrs. Ples, Saldanha en die Taung-baba, se manewales en wedervaringe dikwels op aktuele gebeurtenisse geskoei. Dink maar aan die Ancestor-uitstalling in New York, rugbywedstryde, skoonheidskompetisies, ens. Dit gebeur soms, sê Charl, dat hy reeds 'n strokie geteken het, wanneer iets nuuswaardig voorkom en hy dan 'n nuwe prentjie skep.

Die situasies en grappies kom sommer vanself en van sy vrese dat hy nie sou kon volhou nie, bestaan niks meer nie.

Oor die karakters self vertel Charl dat Floris 'n waarnemer is — nie laf soos almal om hom nie. "Jy kry nie dom Vrystaters nie," meen Charl. Mrs. Ples teken hy as 'n foefie. Hy moes 'n bespotlike karakter inbring waarmee hy baie kan doen en sy voldoen aan al die vereistes, veral dié van die dominerende tipe.

Sy karakters is almal fiktief en nie gebaseer op mense wat hy ken nie.

Dit neem Charl drie uur om een strokie van drie tot vier prentjies te teken en dan moet hy vir *Die Volksblad* se Saterdagkoerant en die ander koerante verskillende stories gebruik. Maar dat



Toe die Direkteur van die Nasionale Museum in Maart vanjaar die Florisbadskedel na die American Museum of Natural History in New York geneem het om vir ses maande uitgestal te word as deel van die Ancestorsuitstalling, het Charl Marais vir Hannes Oberholzer geteken op pad vliegtuig toe, met Floris en Mrs. Ples, met haar Taung-babatjie in die arm, aan die hand. Die kêrel wat die tas dra is Charl se "village idiot" Saldanha.

hy dit geniet, is nie te betwyfel nie. Praat van Floris en sy gesig straal, terwyl daar aan sy geesdrif geen einde is nie. Vir Charl is sy karaktertjies lewende menses.

Hy sê juis die paleo-antropoloë moet opskud met hul opgrawings — hy soek nog karakters! 